
AFRICAN CLIMATE ALLIANCE


# WAT IS #STOPEACOP EN HOEKOM IS DIT BELANGRIK?

*Vir meer informasie oor klimaatsverandering en klimaatsgeregtigheid, gaan na africanclimatealliance.org/resources*



## WAT IS DIE EACOP?

EACOP STAAN VIR "EAST AFRICAN CRUDE OIL PIPELINE" (OOS-AFRIKA RU-OLIE PYPLYN). DIT IS 'N VOORGESTELDE 1,445 KILOMETER VERHITTE PYPLEIDING WAT OLIE VANAF HOIMA, UGANDA, NA DIE HAWE VAN TANGA IN TANZANIË SAL VERVOER.



## AS GEVOLG DAARVAN HET DIE #STOPEACOP VELDTOG BEGIN

### 'N GLOBALE VELDTOG TEEN DIE BOU VAN DIE OOS-AFRIKA RU-OLIE PYPLYN

Dit word gelei deur 'n alliansie van plaaslike groepe en gemeenskappe, sowel as Afrika- en internasionale organisasies. Dit is daarop gemik om bewustheid oor EACOP te kweek en diegene wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling daarvan verantwoordelik te hou.

## WIE EN WAT SAL DIE MEES GEAFFEKTEER WEES DEUR DIE EACOP?


EACOP IS GEWAARBORG OM GEMEENSKAPPE TE VERPLAAS, WILD EN NATUURLIKE STELSELS IN GEVAAR TE STEL, ASOOK OM DIE WÊRELD NADER AAN DIE KANTELPUNT VAN VOLSKAALSE KLIMAATKATASTROFE TE VERSNEL DEUR MEER KOOLSTOFVRYSTELLINGS BY TE DRA WAT KLIMAATSVERANDERING VERERGER.

## HOE SAL MENSE GERAAK WORD?

Meer as 100,000 mense regoor Oos-Afrika gaan die grond verloor waarop hulle staatmaak. Baie sal met geweld uit hul huise verwyder word.

Die pypleiding sal loop deur Afrika se grootste meer, Victoriameer. Ongeveer 40 miljoen mense is afhanklik van hierdie meer vir water- en voedselproduksie.

'n Waarskynlike storting of lekkasie sal 'n ramp veroorsaak vir die mense wat afhanklik is van die varswaterbronne vir hul bestaan en oorlewing.




AFRICAN CLIMATE ALLIANCE

# HOE SAL DIT DIE NATUUR AFFEKTEER?

**MENSE BESTAAN NIE APART VAN DIE NATUUR NIE, SO ENIGE NEGATIEWE IMPAK OP MENSE IS OOK 'N NEGATIEWE IMPAK OP DIE NATUUR.**

Die pypleiding sal deur belangrike habitatte en natuurreservate loop. Gebiede wat die tuiste van ikoniese en bedreigde diere is.



Die skep van 'n massiewe lyn van wye oop ruimte vir die pypleiding sal verhoed dat diere toegang tot voedsel aan die ander kant kry.

# WAT VAN DIE KLIMAAT?

**DIE WETENSKAPLIKE BEWYSE SÊ VIR ONS DAT ONS ONGEVEER EEN DEKADE OOR HET OM ONS KOOLSTOFVRYSTELLINGS DRAMATIES TE VERMINDER AS ONS KATASTROFIESE KLIMAATSVERANDERING WIL VERMY. EACOP SAL ELKE JAAR MEER AS 34 MILJOEN EKSTRA TON KOOLSTOFVRYSTELLINGS GENEREER. DIT SAL OOK DIE NATUURLIKE STELSELS BENADEEL WAT AS 'N NATUURLIKE BUFFER VIR KLIMAATSVERANDERING DIEN.**




- Deel hierdie hulpbron met ander
- Hou 'n werkswinkel of geleentheid aan om bewustheid oor die #StopEACOP-veldtog te verhoog
- Gebruik sosiale media om bewustheid te versprei
- Stuur ‘n e-pos aan die banke wat Eacop befonds
- Stuur 'n e-pos aan versekeraars om nie EACOP te ondersteun nie
- Kliek hier om die petisie te onderteken
- Besoek stopeacop.net om meer te leer

*africanclimatealliance.org*
*team@africanclimatealliance.org*